

10 April

Skrifgedeelte: Lukas 23:32-43
Fokusgedeelte: Lukas 23:42-43

Jesus het volmag om mense in God se koninkryk in te laat

Daar waar ons Here aan die kruis hang, lyk Hy magteloos. Hy is die voorwerp van spot vir sy vyande, maar juis daar aan die kruis sien ons ook sy gesag en mag. Een van die misdadigers aan die kruis besef dit. Hy vra: "*Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom*" (vers 42). En ons Here Jesus kan met bevestiging antwoord: "*Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees*" (vers 43). Ons Here het mag om sondaars toegang tot sy koninkryk te gee.

Die evangelis Johannes bevestig die Here se bewustheid van sy mag as hy die aand voor sy kruisdood by die voetwassing sê: "*Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God teruggaan*" (Johannes 13:3).

Ook later die aand sê hy in sy voorbedding: "*U het Hom (die Seun) immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee*" (Johannes 17:2).

Christus gee toegang tot God se koninkryk. Vertrou jy Hom met jou lewe? Miskien dink jy dat jy darem 'n te groot sondaar is. Onthou dan dat hierdie man aan die kruis 'n misdadiger was – moontlik selfs 'n moordenaar. Hy weet dat hy regverdig aan die kruis gestraf word (vers 41). Tog was hierdie man maar een van die baie sondaars wat by God genade gevind het. Wat sou jou dan daarvan uitsluit?

Sing: Skrifberyming 43:1

Ds PA Odendaal (Evander)